14 April 2022

Geagte Ouers

## BOODSKAP VAN MNR. DEON

Liewe Ouers en kinders

Mag ons jubel nie net wees oor ’n lekker langnaweek van rus nie, maar mag dit ook, oor die **REDE** en **BETEKENIS** van Paasfees wees.

Daar is nóg ‘n GROOT rede vir jubel en juig: Ná Jesus se kruisdood, het Hy op die derde dag opgestaan uit die dood. Hy het die dood oorwin! Ons kan ons slegte gewoontes, ons vrese, ons bekommernisse deur Hom en in Sy oorwinningskrag oorwin! Ons leef voorwaar vandag in uitdagende tye, maar omdat Jesus klaar vir ons sondes aan die kruis gesterf het is ons meer as oorwinnaars in Sy naam. Hy het die wêreld klaar oorwin.

Mag hierdie Paasfees ’n tyd van **HOOP** en **OORWINNING** oor alles wat Jesus vir ons kom doen het en steeds doen, wees!

Ons as Roodie-personeel wens al ons gesinne en families ’n geseënde Paasfees saam met julle geliefdes toe. Mag dit ’n spesiale Christus-fees wees. Mag u veilig wees indien u reis.

Groete

Deon en personeel

## PERSONEEL

### Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar.

15 April – Juf. Mercia Geldenhuys (Gr. 4)
17 April – Isaac Kefithile (Algemene Assistent)
19 April – Juf. Liandri le Roux (Grondslagfase – LO)
22 April – Mnr. Janus van Niekerk (Gr. 4 - Onderwys-assistent)

Mag u ‘n geseënde dag en jaar saam met u gesin en familie beleef.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

## ALGEMEEN

### Paasbediening

Alle Roodekrans-personeel wil net uit ons harte uit dankie sê vir ons Roodie-leiers en hul ouers . Die spierwit ballonne en leiers het ons met glimlagte vanoggend by die hekke begroet het. Elke Roodie het ‘n sjokolade-muntstuk ontvang met ‘n kaartjie “Jesus het reeds vir jou betaal” 1 Korintiërs 6:20.

Daarna het die hoofleiers saam met Pastoor Marius Keyter die personeel se oggend-opening gelei, waartydens ons personeel saam Nagmaal gebruik het. Na afloop van die Nagmaal, is elke personeellid bederf met ‘n heerlike pakkie verversings.

Ons is opreg dankbaar om hierdie gewyde tydperk saam as personeel en leiers te kon ervaar en beleef.

#RoodieLeiers

## OPEDAG GR. RR – GR. 1 VAN 2023 : 9 APRIL 2022

Op **Saterdag, 9 April 2022** het Laerskool Roodekrans al ons voornemende leerders en nuwe ouers verwelkom. Alhoewel dit ‘n bibberkoue dag was, het die kinders, ouers en onderwysers se harte almal warm geklop. ‘n Gemoedelike stemming het oral op die terrein geheers en daar is selfs nuwe vriendskappe gesmee. Die dag het afgeskop met die voornemende leerders wat elkeen ‘n VIP-kaartjie gekry het met ‘n pakkie en bederfies soos ‘n oulike vuurpylkoekie, koeldrank en skyfies.

Die VIP-kaartjie wat om hul nekkie kon hang, het hulle onbeperkte toegang tot die skoolterrein gegee om aan verskillende aktiwiteite deel te neem. By elke aktiwiteit, het hulle ‘n plakker ontvang, asook ‘n geskenkie en só kon hulle ‘n gelukspakkie opbou.

Terwyl die ouers in die saal na die inligtingsessie geluister het, (wat gelei is deur Mnr. Deon Rousseau, die hoof), kon die voornemende leerders na die VAT 5 FANIE-vertoning kyk. Daar het die pragtige kleintjies na stories geluister, gedans, hande geklap en heerlik gesing.

Na afloop van die inligtingsessie, kon die kinders en ouers al die stasies en aktiwiteite in klasse en op die rugbyveld gaan besigtig. Daar was ook buite

instansies, wat by die skool betrokke is, se uitstallings waarna gekyk kon word. Heerlike en warm koffie, tee en verversings kon deur die ouers geniet word.

Tydens die inligtingsessie in die saal, het mnr. Deon Rousseau, ons hoof, die ouers aangemoedig om deel van die Roodie-familie te word en om HUL TOEKOMS HIER TE KOM ONTSLUIT. Roodies is nie net hul ouers se skat en kosbaarste besitting nie, maar ook Laerskool Roodekrans s'n.

Wat 'n ongelooflike dag en ontdekkingsreis was dit nie. Dit was so lekker vir die kosbare kleintjies!! Hulle wou glad nie huis toe gaan, nadat hulle heerlik in die nuwe speeltuin gespeel het.

Hier by Laerskool Roodekrans weet elke ouer en kind wat die geleentheid bygewoon het, dat hul toekoms beslis hier met **geleenthede en talle moontlikhede** ontsluit kan word!

Indien u 'n voornemende Gr. RR-, Gr. R- en Gr. 1-leerder het wat tans nie by Laerskool Roodekrans geregistreer is nie, vra ons dat u dit asb. so spoedig moontlik op die skool se webblad www.roodekrans.net sal gedoen om teleurstelling te voorkom.

## 0/9 PA- EN SEUNKAMP

Ons sien ongelooflik baie uit na die Pa- en seunkamp wat op **Vrydag, 22 en Saterdag, 23 April** plaasvind.

Dankie vir die groot belangstelling om 'n spesiale naweek saam met u seun te spandeer.

Daar is nog slegs twee plekke beskikbaar. Indien u nog sou belangstel om die kamp by te woon, kontak asb. so spoedig moontlik vir Mnr. Ian Flemming – ian@roodekranslaer.co.za

#RoodieRugby, #RoodieWelpies

## RUGBY

### 0/9- tot 1ste–span wedstryde teen Laerskool Tuine Dinsdag, 12 April 2022

Met die vakansie wat verby is, het ons rugby vroeg-vroeg kragte gemeet teen Laerskool Tuine in Pretoria. Die seuns het hulle goed van hul taak gekwyt.

Die uitslae is soos volg:

0/9A – Wen – 17 – 0
0/9B – Wen – 24 – 12

0/10A – Verloor – 21 – 12
0/11A – Wen 50 – 5

3de-span – Gewen- 27 – 17
2de-span verloor – 17 – 7
1ste-span verloor – 32 – 12

Dankie vir elke seun se tyd en moeite tot dusver. Die volgende wedstryde vind op **Dinsdag, 26 April** plaas teen Laerskool Randhardt te Laerskool Randhardt.

## Gauteng-proewe

Daar het verskeie seuns aan die proewe gaan deelneem. Ons sal u in kennis stel sodra die spanne aangekondig word.

Dankie aan elke Roodie wat die Roodie-naam hooggehou het tydens die proewe.

#RoodieRugby

## NETBAL

Ons is SUPER trots op al ons netbaldogters wat die afgelope twee weke ligawedstryde gespeel het.

### Eerste Ligawedstryde teen Laerskool Krugersdorp-Noord: Donderdag, 7 April.

Ses uit die 8 spanne wen hulle wedstryde teen Laerskool Krugersdorp-Noord.

Die uitslae is soos volg

0/10A – Wen – 7 – 5
0/10B – Wen – 14 – 0
0/11A – Verloor – 7 – 6
0/11B – Verloor – 7 – 3
0/12A – Wen – 26 – 3
0/12B – Wen – 19 – 3

0/13A – Wen – 21 – 19
0/13B – Wen – 20 – 10

**Op Dinsdag, 12 April 2022 het ons tweede ligawedstryde teen Bryanston Parallel te Braynston plaasgevind. Al ons A-, B-, C-, en D- spanne geleentheid om te speel.**

**Die uitslae is soos volg:**

0/10A – Verloor – 13 - 3
0/10B – Wen – 11 – 10
0/10C – Verloor – 7 - 4
0/10D – Wen – 7 - 1

0/11A – Verloor – 15 – 3
0/11B – Verloor – 4 - 2
0/11C – Wen – 4 - 3
0/11D – Verloor – 10 - 0
0/12A – Wen – 15 - 12
0/12B – Wen – 7 - 6
0/12C – Verloor – 17 - 4
0/12D – Verloor – 12 - 5
0/13A – Verloor – 27 - 7
0/13B – Verloor – 22 - 5
0/13C – Verloor - 4 – 2

Ons sê dankie aan elke speelster wat hul beste gegee het en aan elke ouer wat ons kom ondersteun het. Dankie vir die mooi gesindheid op en vanaf die baan, julle leef die Roodie-waardes mooi uit en daarom is ons trots op julle.

## Gauteng-proewe

Die volgende dogters het uitmuntend in die afgelope proewe gevaar en agt van ons dogters is opgeneem in die Gauteng-oefengroep. Dit is 'n uitstekende prestasie.

**Baie geluk!**

## O/12

Meckayla Futcher

Miecke van der Merwe
Mikaela Marais
Bianca Phyffer

**O/13**

Angelique Janse van Rensburg
Juané Nel
Tanya Ras
Duné van Zyl

Hierdie dogters neem weer **Woensdag, 27 April 2022** aan die finale ronde proewe te Hoërskool Florida deel.

Ons weet dat elkeen hulle allerberste sal gee en hou styf duim vas dat hul in die

Gauteng-span opgeneem word. Baie sterkte.

**Sterkte met die volgende wedstryde wat plaasvind volgende week:**

**Donderdag, 22 April:** 0/10- – 0/12- vir A-, B-, C- en D-spanne by die 0/13-spanne is slegs A, B en C–span Ligawedstryde teen Laerskool Fairland te Laerskool Roodekrans

**Roodie-Netbaltoernooi vir C- en D-spanne**

**Saterdag, 23 April 2022** bied ons skool 'n Roodie Netbaltoernooi vir die C- en D-spanne aan. Die deelnemende skole is Laerskool Roodekrans, Laerskool Orion, Laerskool Muldersdrift, Laerskool Middelburg, Laerskool Wierdapark en Laerskool Dr. Havinga.

Ons is baie opgewonde en sien uit na 'n heerlike dag van kompeterende netbal.

#Roodienetbal #Eendoelvooroë

## WELPIE-RUGBY EN MINI-NETBAL

### Vriendskaplike Welpie-rugby en Mini-netbaltoernooi teen Laerskool Muldersdrift

Ons Welpie-rugby en mini-netbal leerders kry geleentheid om op **Woensdag, 20 April 2022** vriendskaplike wedstryde te speel teen Laerskool Muldersdrift **by ons skool.**

Die dogters en seuns wat gaan deelneem, sal elkeen ‘n brief ontvang met die program.

### Laerskool Louw Geldenhuys: Sportdag

Die Mini-netbal sowel as die Welpie-rugby leerders gaan deelneem aan Laerskool Louw Geldenhuys se Sportdag. **Saterdag, 23 April te Laerskool Louw Geldenhuys.**

Leerders wat gaan deelneem sal elkeen persoonlik ‘n brief ontvang met die program en die finale reëlingss.

Ons wil graag net ons ouers herinner dat die Mini-sportsoorte op massadeelname fokus dus roteer die speler om almal gelyke geleenthede te gee.

#RoodieMassadeelname, #RoodieNetbal, #RoodieRugby

## SENIORKOOR

Die seniorkoor is baie opgewonde om vir die eerste keer in twee jaar weer deel van ‘n koorfees te kan wees.

Almal is baie opgewonde oor die Hoërskool Monument se koorfees wat op, **Donderdag, 21 April,** plaasvind**.** Die koorlede moet asb. in **volledige wintersdrag** aanmeld **om 17:00.**

Die koorlede het almal reeds ‘n brief ontvang met al die finale reëlings.

#RoodieKultuur #RoodiesSing

## REDENAARS

Baie sterkte aan al ons redenaars wat deurgedring het na die ATKV-uitdunne wat op **Donderdag, 21 April en Vrydag, 22 April** te **Hoërskool Linden** plaasvind.

Ons is seker al julle harde voorbereiding sal beloon word.

#Roodiekultuur #Roodiesklets

## LANDLOOP

**Landloopoefening vir volgende week**

**Dinsdag en Donderdag vanaf 16:00 tot 16:45**

#RoodieAtletiek
#RoodieLandloop

## GHOLF- OUERINLIGTINGS-AAND

Baie dankie aan elke ouer en leerder wat ons inligtingsaand vir die Roodie-gholfspan bygewoon het op 13 April 2022.

Ons is opgewonde om te sien dat Roodies so baie talent het op die nuwe sportgebied wat ons aanpak.

Ouers wat die aand nie kon bywoon nie, kan MS Teams dophou waar die volledige Powerpoint met alle inligting gelaai sal word ten opsigte van vereistes, proewe, datums en reëlings ens.

Ons lê ook klem daarop dat die gholf vir seuns en dogters is en dat ons uitsien om ons opkomende gholfers in groot getalle by ons 1ste proewe op **Vrydag, 22 April te Ruimsig Gholfbaan vanaf 14:30 tot 16:00** te verwelkom.

Groete

**HOOF**